


Genl. Sipiwe Nyanda, minister van kommunikasie, gister tydens die bekendstelling van die Digital Dzonga-adviesraad. Hy het aangedui daar is dalk te min geld vir die bewusmakingsveldtog vir die digitale migrasie van televisie-seine.

Foto: HERMAN VERWEY



## Oorskakeling na digitale televisie begin volgende jaar

Cecile Nel, Johannesburg

Suid-Afrikaners sal – as alles volgens plan verloop – vanaf April 2010 kan begin dekodeerders koop om gereed te wees vir die land se oorskakelingsproses na digitale televisie.

Dié proses, waarvolgens analoge na digitale seine omgeskakel gaan word (ook bekend as digitale migrasie), sal in die eerste helfte van volgende jaar kommersieel begin.

Dit beteken dat die dekodeerders dan al beskikbaar móet wees en dat die subsidiëring-skemas vir arm huishoudings agtermekaar moet wees, sê me. Karen Willenberg, 'n raadslid van Digital Dzonga.

Volgens me. Lara Kantor, voorsitter van Digital Dzonga, sal sowat 60% van die land (hoofsaaklik dié in metropoolgebiede) dan ook al digitale televisie kan begin kyk.

Die analoge sal egter aangeskakel bly en oor 'n tydperk van sowat drie jaar uitgefaseer word.

Digital Dzonga is 'n adviesraad van verteenwoordigers uit die bedryf, regering- en reguleringfeer wat 'n oorsig oor die proses hou en die Suid-Afri-

kaanse bevolking daarvoor sal inlig. Die liggaam is gister amptelik aan die publiek bekend gestel.

Daar is sowat 9,1 miljoen huishoudings in Suid-Afrika wat televisie kyk en deur dié proses geraak sal word. Byna elke televisie sal 'n dekodeerder moet kry. (DStv-kykers ontvang reeds 'n digitale sein vir hul betaaltelevisie-kanale, maar dié kykers sal net sommige van die ander kanale kan opvang sonder een van dié dekodeerders.)

Sowat 5 miljoen van dié huishoudings sal deur subsidies bevoordeel word. Die voorlopige raamwerk wys dat 'n dekodeerder sowat R700 sal kos. Dié wat daarvoor kwalifiseer, sal sowat 70% afslag kry danksy 'n subsidie.

Genl. Sipiwe Nyanda, minister van kommunikasie, het gister gesê daar is tans R400 miljoen vir subsidiëring.

Die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika het vroeër vandeemaand aangedui die subsidiëring sal die staat meer as R2 miljard kos.

Nyanda het egter gister gesê dat almal nie onmiddellik die sein sal ontvang nie en dat dié

bedrag verhoog kan word in die volgende boekjaar.

Hoewel dit nog nie gefinaliseer is nie, lyk dit of die huishoudings wat hiervoor sal kwalifiseer huishoudings is wat 'n maatskaplike toelaag ontvang en 'n televisielisensie besit.

Die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaard (SABS) het reeds die dekodeerder se spesifikasies goedgekeur en nou moet die uitsaaiers nog net ooreenkom op die programmatuur wat gebruik sal word.

Nyanda het die betrokkenes aangemoedig om dit gou af te handel. Hy het ook gesê dat die regering die koste sal dra vir die tydperk waartydens daar digitaal asook analog uitgesaai sal word. "So gou as wat ons slegs digitaal uitsaai, hoe beter vir die regering."

Volgens Nyanda is daar egter te min geld vir die bewusmakingsveldtog. Hy sê die R20 miljoen wat daarvoor ontvang is, is nie genoeg nie en die departement gaan dalk die tesourie vra om dit te verhoog.

Die doelwit is om voor 2013 of dalk selfs 2014 heeltemal digitaal oorgeskakel te wees sodat die analoge sein afgeskakel kan word.